Hoërskool Framesby
50
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 147: 2 Maart 2018

TYD VIR POSITIEF RAAK

Die winde van verandering wat die laaste paar weke soos 'n vars bries oor Suid-Afrika gewaai het, het 'n ongekende vlaag van positiwiteit onder die meeste landsburgers laat posvat. Amper soos die Springbokke die Wêreld-beker in 1995 gewen het en die hele land, met president Mandela aan die spits, die euforie omhels het, en ons as 'n nasie geblom het in 'n gees van trots en verdraagsaamheid. Dat hierdie fenomeen oor die daaropvolgende jare sou verwater tot 'n gees van ontnugtering en negatiwiteit, en dat ons leiers ons gruwelik in die steek sou laat, kon niemand seker in 1995 voorsien nie.

Die spreekwoord sê dat die wiel draai, en hier waar ons nou in 2018 staan, moet ons glo dat 'n nuwe era nou aangebreek het. Dat daar geen waarborge is dat ons weer in die steek gelaat gaan word nie, is 'n gegewe, maar om dit as 'n noodwendigheid te aanvaar en eintlik net te wag dat dit sal gebeur, sal niemand iets baat nie.

Kom ons maak 2018 ook in ons skool die begin van 'n nuwe en opwindende era. Kom ons gryp elke geleentheid om ons skool te ondersteun, om positief by te dra tot die uitbou van die waardes wat vir ons as gemeenskap ononder-handelbaar is. Dit gaan goed met Hoërskool Framesby, en ons is baie opgewonde oor die hope potensiaal wat hier opgesluit lê. Daar is egter soveel meer wat gedoen kan word om te verseker dat hierdie skool vir die jare wat kom, te vestig en verder uit te bou as 'n eiland van uitnemendheid.

Miskien het ons oor die afgelope dekade toenemend so moedeloos geword met ons politieke situasie, en die magteloosheid jeens die oënskynlik skurkagtige selfverryking wat hoogty gevier het op die politieke terrein, dat selfs ons skole onder verdenking begin kom het, en selfs moes deurloop onder venynige, en dikwels ongegronde, kritiek.

Mag hierdie nuwe gees van positiwiteit oorspoel na alle terreine van die lewe. Ons lewenstaak is om die beste te doen waar ons is, en dan sekerlik met 'n borrelende entoesiasme.

Ons eie Passiespel 'n Framesby-eerste

Op 22 Maart gaan die Framesby-orkes en –kamerkoor 'n groot uitdaging aanpak wanneer hulle saam 'n passiespel gaan aanbied. Met hierdie spel word die verhaal van Jesus se kruisiging, soos vertel deur die apostel Johannes, met musiek deur die orkes verwoord. Dit beloof om 'n roerende geleentheid te wees en ons wil u aanmoedig om die aand opsy te sit om die uitvoering by te woon. Die aand begin om 19:00 en 'n vrywillige donasie sal as toegang aanvaar word. Sien u almal daar!

16 Maart: Rugby-aand met die Kings!

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Demi Ainslie, 10B
Douw Joubert, 8G

Sondag
Ruben Barnard, 9E
Antonie Botes, 9G
Tiaan Bouwer, 9A
Annastacia Helmey, 11D
Estian Jonck, 9D
Shawn Momberg, 11D
Elouise Moolman, 11E
Vic Taylor, 8E

Maandag
Anke du Toit, 8G
Kian Koekemoer,
Odette Kruger, 11A
Nolene Spinks, 11B

Dinsdag
Elmien Hartslief, 8A
Mekayla Koekemoer, 8G
Elri Schooling, 8E
Kylie van Greunen, 9G
Dallyn Windvogel, 9A

Woensdag
Ian de Reuck, 10A
Chanél Zeelie, 9C

Donderdag
Edrich Botha, 11E
Rochelle Janse van Rensburg, 8B
Marnu Mostert, 10C
Tiaan van Eeden, 10G

Vrydag
Ronzard Botha, 8E
Marli Opperman, 12C
Derik van der Merwe, 11B
Divan van Wyk, 11E

FRAMESBY IS TROTS OP ....

HEELWAT ATLETE DEUR NA OOS-KAAP-KAMPIOENSKAPPE

Tydens die Metro-byeenkoms wat verlede naweek plaasgevind het, het altesaam 32 van ons atlete die Metrospan gehaal wat volgende naweek aan die Oos-Kaap-kampioenskappe deelneem. Hulle is: Seuns O/14: Jean Baard (hoogspring en 1500*m* hindernis), Conrad Dames (driesprong), Brian Ellard (verspring en spiesgooi), Corne Scheepers (hamergooi), Zack Serfontein (3000*m*) en Gerhard Venter (1500*m*). Dogters O/14: Chaney Smit(hamergooi). Seuns O/15: Wehan Smith (800*m* en 1500*m*) en Michael Spinks (100*m* hekkies). Dogters O/15: Carla Gouws (driesprong), Monique van Rooyen (spiesgooi, verspring en diskus) en Keigh-Lee van Tonder (1500*m* en 3000*m*).

Seuns O/17: Jason Crous (hoogspring), Björn Ferreira (800*m* en 1500*m*), Jurgens Bornman (2000*m* hindernis), Tiaan Erskine (hamergooi), De-Leon Strydom (2000*m* hindernis) en Johan Van Biljon (diskus en gewigstoot). Dogters O/17: Lara De Bloe (1500*m* en 3000*m*), Gerrida Stadler (2000*m* hindernis), Melissa Hamilton (2000*m* hindernis), Anja Webber (1500*m*), Karla Scheffer (800*m* en 400*m*), Kelly Schmidt (3000*m*) en Juanita van Tonder (gewigstoot). Seuns O/19: Janno Agenbag (110*m* hekkies en 400*m* hekkies). Dogters O/19: Abigail Appelgryn (hoogspring), Nicole Cornelius (400*m*), Ilke Meiring (gewigstoot), Vicky Oelofse (1500*m*), Kara van Heerden (100*m* hekkies en verspring). Baie geluk aan al hierdie atlete, en baie sterkte met die byeenkoms volgende week!

EERSTE PAINT RUN 'N REUSE-SUKSES

Verlede Vrydagmiddag en aand is die A-rugbyveld en die atletiekbaan behoorlik op horings geneem met die eerste Paint Run in Framesby se geskiedenis. Daar was meer as 300 deelnemers en almal het hulle gate uit geniet. Hierdie inisiatief deur die atletiek- en netbalafrigters het defnitief gekom om te bly, en volgende jaar gaan ons beslis weer so maak!

Baie dankie aan almal wat so hard gewerk het om die geleentheid 'n sukses te maak. 'n Groot dankie aan almal wat pryse geskenk het, en in besonder aan die borg van die geleentheid, Haval PE. Sonder hierdie vriende van die skool sal baie geleenthede net nie moontlik wees nie.

PROGRAM VIR HIERDIE WEEK

Saterdag 3 Maart	Sondag 4 Maart	Maandag 5 Maart	Dinsdag 6 Maart	Woensdag 7 Maart	Donderdag 8 Maart	Vrydag 9 Maart
Atletiek: OP Kampioenskappe Krieket VP 3des Cape Recife 6's Krieket (D) Oos-Londen-toernooi Gholf School Challenge	Gholf: Schools' Challenge Krieket (D) Oos-Londen-toernooi	**Dag 1** **TOETSDAG**	**Dag 2** **Krieket (D) 2de Pearson** De Beers English Olympiad Debatklub	**Dag 3**	**Dag 4** **TOETSDAG** **Laerskole-sportdag** Atletiek Oos-Kaap kanmpioenskappe	**Dag 5** **TOETSDAG** Atletiek Oos-Kaap kanmpioenskappe Tennis: Sun City Krieket (D) 1 Westering

NOG GROOT PRESTASIES!

Ons eerste dogterskrieketspan het gistermiddag behoorlik geskiedenis gemaak toe hulle Pearson vir die eerste keer in drie jaar geklop het!

Dit was ‘n wedstryd waar die spanning maar hoog geloop het, en uiteindelik het ons dames met ‘n pragtige spanpoging koning gekraai, welliswaar met ‘n enkele lopie!

Baie geluk, dames! Ons het die heel seisoen kennis geneem van julle uitstekende vertonings en is nie net saam met julle bly oor hierdie pragtige oorwinning nie, maar werklik BAIE trots op julle almal. Julle hou die naam van ons skool ongelooflik hoog. Baie sterkte met die res van die seisoen!

ENGELS DIE BESTE IN DIE OOS-KAAP

Dis met groot dankbaarheid, maar ook met baie groot trots, dat ons kan aankondig dat Framesby tydens die 2017-Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen die beste in die Oos-Kaap gevaar het in English First Additional Language.

Ons leerders het almal die eksamen geslaag en ons het daarmee saam die grootste persentasie leerders gehad wat meer as 60% in die vak behaal het.

Ons het reeds in die algemeen oor ons goeie Gr. 12-uitslae berig, en is baie trots daarop, maar hierdie toekenning was werklik die “cherry op die koek”! Mag dit as aansporing dien om hierdie jaar nie net die prestasie te herhaal nie, maar om in meer vakke so te presteer. Baie geluk en baie dankie vir die harde werk aan ons Engels-personeel. Op die foto verskyn ‘n baie trotse mevv. Basson, Janse van Rensburg en Landman, mej. Daniell en mev. Heystek. Die vakhoof, mnr. Joubert, was ongelukkig met die neem van die foto by ‘n departementele kursus.

By die toekenningsgeleentheid in Oos-Londen is al die top-presteerders, asook die bes-presterende skole vereer, en kan ons met reg rapporteer dat Framesby een van net ‘n handjievol skole is wat werklik uittroon op akademiese gebied. Die etos van harde werk en toewyding wat by al die top-skole gehandhaaf word, is net weer by die geleentheid beklemtoon. Mag ons vir jare nog onverbiddelik bly streef na uitnemendheid!

TOETSE HIERDIE WEEK

Die volgende toetse word in die komende week geskryf:

Maandag 5 Maart:	Graad 9: EBW, Graad 10-12: Besigheidstudies
Donderdag 8 Maart:	Graad 8 & 9: Tegnologie, Graad 10: CAT Prakties, Graad 11&12: IGO
Vrydag 9 Maart:	Graad 8&9: Wisk SGA-opdrag, Graad 10-12: Wisk/WG Toets

ALGEMEEN EN KOS VIR DIE SIEL

DIE RAAISEL VAN DIE KWAAD

Dit is moontlik dat ons al so gewoond is aan kwaad en sonde as deel van ons lewenswerklikheid, dat ons nie meer besef hoe vreemd dit eintlik is dat daar in Gods goeie skepping so iets as kwaad en sonde kan wees nie. Ons noem dit selfs iets natuurliks, terwyl dit tog wesenlik teen-natuurlik is.

Dit val ‘n mens op dat die Bybel self meermale op die raaiselagtige karakter van die kwaad wys. Dink maar aan die beskrywing wat die apostel Jakobus van die tong van die mens gee (Jakobus 3:1–12). Hy wys op ‘n aangrypende manier die kwaad aan wat in die verkeerde gebruik van die tong opgesluit lê. Wat hom egter die meeste opval, is die ongerymdheid daarvan dat ‘n mens met dieselfde tong God kan loof en die medemens kan vervloek. So iets is eenvoudig onvoorstelbaar.

‘n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie. ‘n Vyeboom kan tog nie olywe voortbring of ‘n wingerdstok vye nie. Op dieselfde wyse behoort dit onmoontlik te wees vir ‘n mens wat God só ken dat hy behoefte daaraan het om God te loof, om met dieselfde tong die medemens wat na die beeld van God geskape is, te vervloek.

Dit is die teen-natuurlike van die kwaad. Wat in die orde van die natuur tot die onmoontlike behoort, behoort op raaiselagtige manier tot die werklikheid van die mens. Jesaja sê dat ‘n os sy besitter ken en ‘n esel die krip van sy eienaar, maar Israel, die volk van die Here, het geen kennis nie (Jesaja 1:3). In die mens woon goed en kwaad saam.

Die mens is innerlik verdeeld en verward. Hy is deur God goed geskape, en tog kies hy die sonde bo die gemeenskap met God. Hy is deur God vir die liefde geskape, en tog word hy byna voortdurend beheers deur haat. God het hom bestem vir die lewe, en tog gryp hy naarstiglik na dinge wat vir hom moet uitloop op die dood. Dit is die verbysterende werklikheid van die mens.

Dit is onmoontlik om ‘n verklaring vir hierdie teenstrydigheid te bied. Elke verklaring wat gebied word, loop op die een of ander wyse daarop uit dat die mens homself probeer verontskuldig. Ons is meesters daarin om die skuld vir ons toestand op andere te probeer afskuif. Die ergste van alles sou wees dat ‘n mens op die een of ander manier aan God die skuld vir ons toestand gee deur te sê dat Hy ons nou maar een maal so gemaak het. Dit het Adam al probeer, toe hy aan God gesê het: "Die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet!”

As die Bybel ons één ding oor die sonde leer, dan is dit dat dit nie van God afkomstig is nie en dat ons niemand anders as net onsself daarvoor kan blameer nie. Op die raaisel van die kwaad kan ‘n mens nie met intellektuele verklarings reageer nie, maar net met belydenis en berou. Slegs dan is daar verlossing.

Uit *Die Burger*, 5 November 1977

JANRE, WILANIE EN JURGENS BLINK OP DIE PUK!

Dis met GROOT trots dat ons kan berig dat die Noordwes-Universiteit duidelik baie op Framesby staatmaak om top-studente aan hulle te lewer. Verskeie oud-leerders het al diep spore daar getrap op akademiese en sportgebied, en verlede week is dit net weer bevestig.

Janré Viljoen en Wilanie van Zyl het onderskeidelik die mans- en dames-tenniskampioenskappe van die universiteit gewen en is tans die PUK-tenniskampioene! Om alles te kroon het Janré sy ouer broer, Jurgens, in die halfeindstryd geklop om na die finaal deur te dring!

Ons het darem geweet dat hierdie twee hulle beslis sal laat geld, maar is baie trots om te kan sê hulle is Framesby-mense. Baie geluk al die Viljoene en Van Zyls. Mag ons nog BAIE van julle hoor.

RUGBY-AAND MET DIE KINGS: 16 MAART

Die ouers van die groep rugbyspelers wat later vanjaar na Japan reis, bied op Vrydag 16 Maart om 19:00 ‘n aand met die Kings aan in ons skoolsaal. Hierdie aand is ‘n fondsinsamelingsgeleentheid vir die Japan-groep.

Die koste beloop R80 per persoon, en ons wil u aanmoedig om die aand te ondersteun. Van die lede van die Kings se bestuurs- en afrigtingspan, sowel as ‘n klompie spelers sal teenwoordig wees, en die aand beloof baie interessant en gesellig te wees.

Die prys sluit ‘n hamburger en chips-ete in en die Ondersteunersvereniging sal ‘n kontantkroeg bedryf.

Of jy nou ‘n Kings-ondersteuner is of nie, kom geniet die aand en help so ons ouers om die koste van die toer te help dek. Sonder u ondersteuning sal die finansiële las op elke ouer baie groot wees. Omdat Japan regtig aan die ander kant van die aardbol is, is die vliegtuigkaartjies baie duur. Daarby is daar nog die koste van visums, versekering en klere.

Moedig asseblief u vriende aan om die aand by te woon. Bespreek sommer ‘n tafel van 10. Die kaartjies is beskikbaar by Westway-kafee, maar u kan navraag doen by die Algemene Kantoor. Kaartjies kan dan aangevra word. Sien u almal daar!